| NWK BEHEREND BEPERK | NWK BEPERK |
|---|---|
| (In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf) | (In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf) |
| Registrasienommer: 1998/007243/06 | Registrasienommer: 1998/007577/06 |
| 4AX-aandelekode: 4ANWKH | 4AX-aandelekode: 4ANWK |
| ISIN: ZAE400000028 | ISIN: ZAE400000010 |
| **("NWK Beherend")** | ("**NWK**") |

**GESAMENTLIKE AANKONDIGING:**

**VOORGESTELDE VERKOOP DEUR GRINDROD TRADING BEHEREND EIENDOMS BEPERK VAN SY ALGEHELE VOORDELIGE AANDEELHOUDING IN DIE UITGEREIKTE GEWONE AANDEELKAPITAAL VAN NWK AAN NWK BEHEREND EN UITSTEL VAN DIE NWK BEHEREND EN NWK LOSPARTY-AANBIEDINGE**

1. **INLEIDING**

1.1. Aandeelhouers van NWK Beherend en NWK (hierna gesamentlik verwys na as die "**Aandeelhouers**" of, soos die konteks vereis, "**NWK Beherend Aandeelhouers**" en/of "**NWK Aandeelhouers**") word hiermee in kennis gestel dat NWK Beherend, NWK en Grindrod Trading Beherend Eiendoms Beperk ("**Grindrod**") 'n ooreenkoms vir die verkoop van aandele op 29 Augustus 2019 gesluit het ("**Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms**"), ingevolge waarvan ooreengekom is dat Grindrod sy algehele voordelige aandeelhouding in die uitgereikte gewone aandelekapitaal in NWK aan NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) sal verkoop ("**die Verkoop**").

1.2. NWK is gedurende 1909 gestig na die suksesvolle samesmelting van verskeie kleiner landboukoöperasies. Gedurende 1998 is NWK omgeskakel na 'n publieke maatskappy, op welke tydstip die huidige NWK Beherend-beheerstruktuur binne die NWK se groep van maatskappye ("**NWK-groep**") opgeneem was, in terme van welke struktuur, NWK Beherend 'n beherende belang in NWK het. NWK se kernbesigheid is dié van 'n operasionele landboubesigheid wat al meer as 'n eeu in die graan- en voedselwaardeketting van Suidelike Afrika, grotendeels in die Noordwes, besigheid dryf.

1.3. Op die datum van hierdie aankondiging word altesaam 29 153 264 (nege-en-twintig miljoen eenhonderd drie-en-vyftig duisend tweehonderd-vier-en-sestig) aandele in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van NWK deur Grindrod voordelig besit en gehou, welke aandele 20,38% (twintig komma drie-agt persent) ("**Grindrod Verkoopaandele**") van NWK se totale aantal uitgereikte gewone aandele verteenwoordig.

1.4. Aandeelhouers moet daarop let dat die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms en die implementering van die Verkoop onderhewig is aan die nakoming van 'n aantal opskortende voorwaardes ("**Verkoop Opskortende Voorwaardes**"), waarvan die besonderhede in paragraaf 3.2 hieronder verskyn.

2. **RASIONAAL**

Die rasionaal vir die Verkoop word omvat in die voorneme en toewyding van NWK Beherend om nader aan sy stigtingsdoelwitte te beweeg, waarvan een is om die aantal *bona fide* kommersiële landbouprodusent aandeelhouers in NWK Beherend te versterk.

3. **DIE VERKOOP**

3.1. **Hoofbepalings van die Verkoop**

Ingevolge die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms, sal die Verkoop op die volgende hoofbepalings onderneem word:

3.1.1. behoudens die vervulling van die Verkoop Opskortende Voorwaardes, sal Grindrod die Grindrod Verkoopaandele aan NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) verkoop;

3.1.2. die prys per gewone NWK-aandeel waarteen NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) die Verkoopsaandele sal bekom, beloop R7,00 (sewe Rand) ("**Verkoopaandeelprys**"), wat neerkom op 'n totale koopsom van R204 072 848 (tweehonderd-en-vier miljoen twee-en-sewentig duisend agt honderd agt-en-veertig Rand) wat deur NWK Beherend aan Grindrod betaalbaar is ("**Verkoopsom**"). Ten opsigte van die basis waarop die Verkoopaandeelprys en die Verkoopsom bepaal is, moet Aandeelhouers daarop let dat dit te goeder trou onderhandel is tussen NWK Beherend en Grindrod, met inagneming van faktore soos NWK se netto batewaarde, likiditeit van NWK se gewone aandele, die grootte van die blok NWK gewone aandele wat verkry word en die intrinsieke billike markwaarde van NWK se gewone aandele;

3.1.3. ten einde vir NWK Beherend (of aan behoorlik gemagtigde genomineerde) om die Verkoopsom aan Grindrod in terme van die Verkoop verskuldig te vereffen, sal NWK:

3.1.3.1. onderworpe aan die vereiste goedkeuring van NWK Aandeelhouers wat kragtens artikels 44 en 45 van die Maatskappywet, No 71 van 2008, soos gewysig ("**Maatskappywet**") op die 2019 NWK algemene jaarvergadering ("**NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging**"), gehou op Maandag, 9 September 2019, verkry word (vir maklike verwysing is spesiale besluit nommer 4 in die 2019 NWK kennisgewing van die algemene jaarvergadering die tersaaklike besluit met betrekking tot die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging); en

3.1.3.2. onderworpe verder aan die voorafverkreë magtiging deur die NWK se raad van direkteure ("**NWK Direksie**") (insluitend dat NWK aan die solvensie- en likiditeitstoets kragtens Artikel 4 van die Maatskappywet voldoen ("**Solvensie- en Likiditeitstoets**")),

'n intermaatskappy lening aan NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) toestaan, gelykstaande aan die waarde van die Verkoopsom (plus enige effekte-oordragsbelasting en/of NWK Beherend se gedeelte van enige aandelebeurs- en/of gemagtigde gebruikers verwante fooie wat verskuldig en betaalbaar mag word ingevolge die implementering van die Verkoop) ("**die NWK-lening**");

3.1.4. nadat die NWK-lening toegestaan is, sal NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) die NWK-lening gebruik om die Verkoopsom aan Grindrod verskuldig in terme van die Verkoop (plus enige effekte-oordragsbelasting en/of NWK Beherend se gedeelte van enige aandelebeurs en/of gemagtigde gebruikers verwante fooie wat verskuldig en betaalbaar mag word ingevolge die implementering van die Verkoop) te vereffen.

3.1.5. NWK en NWK Beherend (of aan sy behoorlik gemagtigde genomineerde) kan 'n formele intermaatskappy leningsooreenkoms (met die sessie *in securitatem debiti* soos uiteengesit in paragraaf 3.1.6 hieronder) vir doeleindes van die NWK-lening sluit ("**die NWK-leningsooreenkoms**"). Die NWK-leningsooreenkoms sal na verwagting bepalings en voorwaardes insluit wat standaard is vir finansieringsreëlings, insluitend, *inter alia*, die termyn van die NWK-lening, die terugbetalingsvoorwaardes en die koers waarteen rente sal toeval;

3.1.6. verder word verwag dat dit 'n spesifieke voorwaarde van die NWK-lening sal wees dat NWK Beherend voldoende sekuriteit aan NWK vir die NWK-lening sal bied, welke sekuriteit tot bevrediging van die NWK Direksie moet wees ("**NWK Beherend Sekuriteit**")

3.1.7. vanweë die feit dat NWK Beherend Sekuriteit deur NWK Beherend in ooreenstemming met artikels 44 en 45 van die Maatskappywet voorsien is, is die verskaffing van die NWK Beherend Sekuriteit deur NWK Beherend onderhewig aan die vooraf goedkeuring deur NWK Beherend Aandeelhouers ("**NWK Beherend Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging**") tydens die 2019 algemene jaarvergadering van NWK Beherend, wat gehou sal word op Maandag, 9 September 2019 en kragtens sodanige NWK Beherend Aandeelhouers se goedkeuring, magtiging deur die NWK Beherend se raad van direkteure ("**NWK Beherend Direksie**") (insluitend bevestiging deur die NWK Beherend Direksie dat NWK Beherend aan die Solvensie- en Likiditeitstoets ingevolge Artikel 4 van die Maatskappywet voldoen). Vir maklike verwysing is spesiale besluit nommers 9 en 10 in die 2019 NWK Beherend kennisgewing van die algemene jaarvergadering die tersaaklike besluite met betrekking tot die NWK Beherend Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging.

3.2. **Verkoop Opskortende Voorwaardes**

Die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms en die implementering van die Verkoop is onderhewig aan die vervulling van die volgende Verkoop Opskortende Voorwaardes dat -

3.2.1. teen nie later nie as **17:00 op Maandag, 9 September 2019**, die vereiste aantal stemme deur NWK Aandeelhouers ten gunste van die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging uitgeoefen word. Om enige twyfel te vermy, in die mate dat NWK Aandeelhouers die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging goedkeur, sal enige intermaatskappy finansiële bystand wat deur NWK aan NWK Beherend toegestaan moet word, aan die bepalings in die spesiale besluit uiteengesit, insluitend maar nie beperk nie tot, die NWK Direksie wat bevestig dat die voorwaardes waarop die finansiële hulp verleen sal word, billik en redelik is vir NWK, moet voldoen;

3.2.2. teen nie later nie as **17:00 op Maandag, 9 September 2019**, die vereiste aantal stemme deur NWK Beherend Aandeelhouers uitgeoefen word ten gunste van die NWK Beherend Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging, sodat NWK Beherend die NWK Beherend Sekuriteit aan NWK ten opsigte van die NWK-lening kan voorsien;

3.2.3. teen nie later nie as **12:00 op Woensdag, 18 September 2019,** kragtens die goedkeuring van die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging, magtig die NWK Direksie NWK om die NWK-lening toe te staan, welke NWK Direksie se magtiging ook die toepassing van die Solvensie- en Likiditeitstoets soos beoog kragtens artikel 4 van die Maatskappywet sal insluit (insluitend die bevestiging dat die Solvensie- en Likiditeitstoets bevredigend nagekom is);

3.2.4. teen nie later nie as **12:00 op Woensdag, 18 September 2019**, die NWK-lening volledig deur NWK aan NWK Beherend voorgeskiet word, en NWK en NWK Beherend onderskeidelik skriftelik aan Grindrod bevestig dat sodanige voorskiet gemaak en ontvang is;

3.2.5. teen nie later nie as **12:00 op Woensdag 18 September 2019**, die NWK-lening ten volle benut word vir die krediet van die NWK Beherend-aandelerekening wat by A-Trade Eiendoms Beperk (**"A-Trade"**) gehou word, as goedgekeurde gemagtigde gebruiker van 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk (**"4AX"**), sodat die volle bedrag van die NWK-lening beskikbaar is om na die Sluitingsdatum (soos hieronder omskryf) in die Grindrod-aandelerekening wat by A-Trade gehou word, oor te dra, en NWK Beherend skriftelik aan Grindrod bevestig dat dit plaasgevind het (ondersteun deur skriftelike bevestiging van A-Trade); en

3.2.6. teen nie later nie as **12:00 op Woensdag, 18 September 2019**, enige en alle regulatoriese goedkeurings wat van 4AX benodig mag word, verkry word.

4. **FINANSIËLE INLIGTING**

In ooreenstemming met paragraaf 13.17.6 van die 4AX-noteringsvereistes, word die volgende finansiële inligting rakende NWK Beherend en die Grindrod Verkoopaandele wat ingevolge die Verkoop deur NWK Beherend bekom moet word, geopenbaar:

| | NWK Beherend (Ingevolge NWK Beherend finansiële state) | Grindrod Verkoopaandele (Ingevolge NWK finansiële state) |
|---|---|---|
| Boekwaarde van bates – *soos op 30 April 2019* # | R3 089 666 667 | R572 478 810 |
| Netto batewaarde – soos op *30 April 2019* # | R1 535 200 000 | R318 009 520 |
| Netto wins voor belasting – *soos op 30 April 2019* # | R271 500 000 | R55 358 438 |

*# Ingevolge die nuutste gepubliseerde geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2019*

5. **AANVULLENDE WESENLIKE BEPALINGS EN/OF ONDERNEMINGS VAN DIE GRINDROD AANDELE-VERKOOPSOOREENKOMS**

5.1. Aandeelhouers moet daarop let dat die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms waarborge, vrywarings en/of ondernemings bevat wat standaard is vir transaksies soos die Verkoop.

5.2. Nieteenstaande die bogenoemde, het Grindrod en NWK Beherend egter tot die volgende addisionele bepalings en/of ondernemings ooreengekom:

5.2.1. onderhewig daaraan dat NWK Beherend nie verhoed word om te stem ingevolge die Maatskappywet en/of die 4AX-noteringsvereistes nie, het NWK Beherend 'n onherroeplike onderneming ten gunste van Grindrod verskaf om sy stemreg as NWK Aandeelhouer in geheel uit te oefen ten gunste van die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging;

5.2.2. onderhewig daaraan dat die NWK Beherend Direksie nie uitgesluit word om te stem ingevolge die Maatskappywet en/of die 4AX-noteringsvereistes (in hul hoedanigheid as NWK Beherend Aandeelhouers en/of NWK Aandeelhouers) nie, het NWK Beherend 'n onherroeplike onderneming ten gunste van Grindrod verskaf, dat NWK Beherend vasgestel het en sal verseker dat elkeen van die NWK Beherend Direksie hul onderskeie stemregte sal uitoefen as NWK Beherend Aandeelhouers en/of NWK Aandeelhouers in geheel ten gunste van die NWK Beherend Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging en/of NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging;

5.2.3. onderhewig daaraan dat Grindrod nie uitgesluit is om te stem ingevolge die Maatskappywet en/of die 4AX-noteringsvereistes nie, het Grindrod 'n onherroeplike onderneming ten gunste van NWK Beherend verskaf om sy stemreg as NWK Aandeelhouer in geheel uit te oefen ten gunste van die NWK Artikels 44 en 45 Finansiële Bystand Magtiging. Wat hierdie onderneming deur Grindrod betref, word Aandeelhouers na paragraaf 7 hieronder verwys wat 'n formele beslissing deur 4AX se Uitreiker Regulerings-Komitee ten opsigte van die Verkoop uiteensit;

5.2.4. dat Murray Grindrod, wat as direksieverteenwoordiger van Grindrod dien op die NWK Direksie, sy geskrewe bedanking van die NWK Direksie aan NWK Beherend en NWK sal oorhandig, welke bedanking van krag sal wees na die vereffening van die Verkoopsom in die Grindrod-aandelerekening. Verder sal die skriftelike bedanking 'n kwytskelding van Murray Grindrod insluit van alle eise, hetsy in kontrak of in delik, daadwerklik of voorwaardelik, wat hy moontlik teen NWK gehad het tot en op die Sluitingsdatum. Gelykstaande onderneem NWK ook om 'n soortgelyke kwytskelding aan Grindrod te verskaf.

6. **EFFEKTIEWE DATUM**

Aandeelhouers moet daarop let dat die effektiewe datum van die Verkoop die Sluitingsdatum in terme van die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms sal wees, onderhewig aan die vervulling van die Verkoop Opskortende Voorwaardes, Maandag, 23 September 2019, of sodanige ander datum wat skriftelik deur NWK Beherend, NWK en Grindrod ooreengekom word.

7. **KATEGORISERING VAN DIE VERKOOP**

Aandeelhouers moet daarop let dat 'n formele beslissing deur 4AX se Uitreiker Regulerings-Komitee gemaak was rakende, *inte alia*, die kategorisering van die Verkoop, ingevolge waarvan die formele beslissing van die Uitreiker Regulerings-Komitee:

7.1. bevestig dat die Verkoop as 'n "*Disclosable Transaction*" kragtens paragraaf 13.15 van die 4AX-noteringsvereistes beskou word;

7.2. beslis dat in ooreenstemming met paragraaf 2.3 van die 4AX-noteringsvereistes, in die lig van die gevestigde belang van Grindrod in die Verkoop, Grindrod uitgesluit moet word van die stemming op spesiale besluit nommer 4 wat tydens die 2019 NWK algemene jaarvergadering met betrekking tot die Verkoop ter tafel gelê sal word. Nieteenstaande dat Grindrod uitgesluit sal word op die vermelde besluit, kan Grindrod in aanmerking geneem word om te bepaal of daar 'n geldige kworum vir die 2019 NWK algemene jaarvergadering tot stand gebring is; en

7.3. beslis dat die bykomende inligting wat in paragraaf 8 hieronder uiteengesit is, in hierdie aankondiging ten opsigte van die Verkoopingesluit word.

8. **BYKOMENDE INLIGTING MET BETREKKING TOT NWK BEHEREND EN/OF DIE VERKOOP**

In ooreenstemming met paragraaf 7.3 hierbo word die volgende bykomende inligting rakende NWK Beherend en/of die Verkoop geopenbaar:

8.1. **Verklaring om toereikendheid van bedryfskapitaal**

Die NWK Beherend en NWK Direksies is van mening dat die beskikbare bedryfskapitaal van NWK Beherend en NWK onderskeidelik (in elk geval ook hul onderskeie filiale ingesluit) genoegsaam is vir hul onderskeie huidige vereistes en ook voldoende sal wees vir ten minste die volgende 12 (twaalf) maande vanaf die datum van hierdie aankondiging.

8.2. **Vooruitsigte**

Die afgelope paar jaar is klimaatsverandering, politieke onsekerheid oor onteiening van grond sonder vergoeding en die ekonomiese klimaat in Suid-Afrika tematies in die landboubedryf. Ons het egter nie beheer oor hierdie faktore nie en het ons risikobeleide in plek om hierdie risiko's te bestuur. Ons ekonomiese vooruitsigte is laer vir die boekjaar vergeleke met 2019, maar nie op 'n wesenlike skaal nie. Die klimaatvooruitsigte is stabieler vir hierdie plantseisoen in vergelyking met die vorige, en daarom verwag ons dat die ekonomiese toestande in die landbou-omgewing vir die boekjaar 2021 'n opswaai sal hê. Hierdie siklusse is nie ongewoon in die landbou-omgewing nie. Daarom is ons vooruitsigte meer opwaarts na hierdie boekjaar.

Die NWK-groep het die afgelope twee jaar op die wegbeweeg van ondernemings wat verlies ly gefokus, asook om die likiditeit deur 'n sterker kontantvloei te verbeter. Die NWK-groep het daarin geslaag om die finansiële posisie sodanig te verbeter dat ons uitsien na 'n periode waarin ons op groeigeleenthede kan fokus.

8.3. **Besonderhede van enige wesenlike veranderinge in die finansiële of handelsposisie van die NWK-groep sedert die datum van die laaste finansiële jaareinde**

Die NWK Beherend en die NWK Direksies bevestig hiermee dat daar geen wesenlike negatiewe verandering in die finansiële of handelsposisie van die NWK-groep was sedert die datum waarop die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2019 gepubliseer is nie.

8.4. **Beskikbaarheid van NWK Beherend se finansiële state**

Aandeelhouers moet daarop let dat die finansiële state van NWK en NWK Beherend beskikbaar is vir aflaai vanaf NWK en NWK Beherend se webwerf (https://www.nwk.co.za/financial-results).

9. **UITSTEL VAN DIE NWK BEHEREND EN NWK LOSPARTY-AANBIEDINGE**

9.1. Aandeelhouers word verwys na die NWK Beherend en NWK Losparty-aanbiedinge, waarvan besonderhede in die 2019 kennisgewings van die algemene jaarvergadering van NWK Beherend en NWK ingesluit is en word hiermee in kennis gestel dat as gevolg van dat NWK Beherend en NWK die Grindrod Aandele-verkoopsooreenkoms aangegaan het en die potensiële uitwerking wat die Verkoop op die prys van die gewone aandele van NWK kan hê (in die mate waarin die Verkoop suksesvol geïmplementeer word), wat moontlik die Losparty-aandeelhouers kan benadeel, het die NWK Beherend en die NWK Direksies dit wys en in belang van NWK Beherend en NWK Aandeelhouers geag om die implementering van die NWK Beherend en NWK Losparty-aanbiedinge tot laat 2019 / vroeg 2020 uit te stel.

9.2. Aandeelhouers moet daarop let dat die uitgestelde datums en tye van toepassing op die NWK Beherend en NWK Losparty-aanbiedinge voor die datum van die NWK Beherend en NWK algemene jaarvergaderings aan Aandeelhouers gekommunikeer sal word.

Lichtenburg
03 September 2019

**KORPORATIEWE ADVISEUR EN 4AX-UITREIKERSAGENT:**
Pallidus Capital Eiendoms Beperk

**Aandeelhouers se aandag word byvoorbaat daarop gevestig dat:**:

1. Gegewe die 4AX-noteringvereistes is hierdie dokument se weergawe in Engels die enigste kopie wat regulatories verpligtend is, maar word dit deur NWK Beherend en NWK verkies om hierdie dokument in beide Afrikaans ("**Afrikaanse Weergawe**") en Engels ("**Engelse Weergawe**") te versprei.
2. Slegs die Engelse Weergawe is deur al die betrokke rolspelers (NWK Beherend, Grindrod die 4AX-Beurs en die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital) nagegaan en afgeteken.
3. Nog die 4AX-Beurs, nog Grindrod, nog die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital, was betrokke in die voorbereiding en finalisering van die Afrikaanse Weergawe en kan geen van die genoemde partye verantwoordelik gehou word vir die regstegniese korrektheid van die vertaling van die Engelse Weergawe na die Afrikaanse Weergawe nie, en aanvaar ook nie enige aanspreeklikheid vir enige foute en/of gebreke wat in die Afrikaanse Weergawe vervat mag wees nie en/of voorkom nie.
4. Aandeelhouers moet verder daarop let dat tot die mate wat daar verskille en/of gebreke mag bestaan tussen die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe, sal die Engelse Weergawe voorrang geniet.
5. Beide die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe van hierdie aankondiging is vir aflaai beskikbaar vanaf die 4AX-nuusdiens platvorm (https://portal.4ax.co.za/Public/FansAnnouncementProfile), asook NWK se webtuiste (https://www.nwk.co.za).